Ps. 146: 1,3. | II | **Krag uit die Hoogte.** | Pinkstersondag Wt 1941
Ges. 81: 1,5.
Ges. 79: 4.

(Luk. 24: 36-53)
(Hand 2: 1-4)

Linxton 4

Luk. 24: 49 – „Maar julle moet in die stad Jerus. bly totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte"

Ek het verlede Sondag gesê dat ons u/m. die gedagtes van Luk 24: 49 sal voortsit. Toe gepraat oor eerste deel v. 49: „Maar julle moet in die stad Jer. bly totdat" Gesê daar gesien:

I Die Bevel deur Xtus gegee: a) Julle: Gegee aan sy dissipels, aan die Xtene, die Kerk v. Vdag; nie die heidens die onverskillige nie: as die wêreld verander moet word, dan deur die Xtene! (Om reg. alles reg / „ verk. „ verkeerd)

b) Goddelike Moet: Mag nie weier, ons heilige roeping om te gaan wag in Jerusalem! Dit moet ons metode wees om probleme op te los: nie meer organ. ens.!

c) Bly: Dank stil wees en wag: (Gr. & Holl.).
- Tyd van selfondersoek wees
- Tyd van afwagting
- Tyd van ~~inkeer~~ verwagting: God pers. ontmoet

II Die Plek waar hulle moes Bly: Jerusalem. Waarom?
- Plek vyandskap. (liefde)
- Plek versoeking. (verlossing)
- Plek ~~nederlaag~~ vernedering. (oorwinning)

Voor ons nie daar begin, kan ons geen oorwinning verwag nie!

III Die Doel v.d. Bevel: „Totdat". Geen vaste tyd: Kan 10 jaar ook wees!
→ Kan 10 dae wees – Dit is wat die afgelope week vir ons was: die „totdat" wat ons moes bring na die laaste uitlike ding: „Julle toegerus is met krag uit die hoogte"

Wil hier net die twee gedagtes dan beklemtoon:

I Die Belofte deur Xtus gegee: Toegerus met krag
II Die Bron waaruit dit voortvloei: Uit die hoogte.

2.

I Die Belofte deur Xtus hier gegee: "Julle sal toegerus word met krag". By eerste oogopslag val dit mens dadelik op: wáárom hd. belofte? Waarom Xtus nie gesê: julle sal toegerus word met kennis nie? Met geld? Met welsprekendheid? Met beter organisasie nie?

Omdat Xtus geweet en gesien het, soos ons elke dag mr meer moet uitvind dat die ding waaraan die mens die meeste behoefte het is nie meer kennis, geld, talente, organisasie, wapens uitvindings ens nie die enigste ding wat 'n mens se lewe gelukkig en ongbaar maak is krag: dis die dryfveer van ons hele lewe: afsonder geen lewe en geen geluk! Dis die ding wat die mens nodig het as hy aan sy enige Godsbestemming moet beantwoord! Dis die gawe wat God aan die mens kom gee het op Pinkster.

Juis daarom is dit so jammer dat [~~die Xtel. kerk dit nie altyd besef het nie en dat~~] baie mense v/d nog die verkeerde opvatting het dat Pinkster van 1952 moet wees presies net soos 1e Pinkster; [illegible] ons vergeet dat die gawe wat op die dag gegee is was nie die wind, nie die vurige tonge, nie die sprake in vreemde tale nie: nee dit was bo alles die krag van Gods Gees wat ingekom het in die lewens van die mense. Die gawe van Gods Gees is gegee: eenmaal en vir altyd: al wat ons moet doen is om dit aan te neem en ons eie te maak!

Soos elektr. lig: {Kragstasie – installasie – meterrekening is betaal – stroom is daar, skakelaar net aanslaan!}

En die Here kan dit gee aan die dis. omdat die dis. voorberei was om dit te ontvang: Krag uit die hoogte!

Vr. kom vsef op: watter soort krag was dit wat God beloof het? Was dit die krag van grootdoenery? Van uiterl. vertoon? Krag wat skouspelagtige wonders verrig? Wat hele wêreld deur een magwoord wil verander? ~~Almal~~ Groot sensasie?

Dis baiekeer wat ons dink: dis baiekeer wat ons verwag: dat die Here ons die buitengewone krag moet gee om die hele wêreld te verander skouspelagtig

3.

en om op 'n maklike manier onsself te verander! — van ons sondes ontslae te raak!
Dat dit die krag v.d. Hg. is!
→ Sekere mate v. waarheid

Mr. ons vergeet dat die krag v. Gods Gees nie in die eerste plek daarvoor aan ons gegee word nie! Ons hoef mr. net te dink aan die gesk. v.d. eerste dissipelkring om te besef dat die krag v Gods Gees nie die krag was wat ons baiekeer ~~verlang nie~~ wil hê om somar so gemaklik deur die lewe mee te gaan nie — o nee, dit was eers na 3 jr se omwandeling met die Heiland en na 10 dae se wag in die stilte dat die krag van Gods Gees aan hulle gegee is. Watter soort krag?

① Krag wat vyandskap met liefde te beantwoord (Jode in Jerusalem, Romeine ens.)
Nie haat met haat, wraak met wraak, oog om oog en tand om tand: nee: liefde te gee waar hulle ons sou gehaat het!)

② Krag om versoekinge in verleidinge sou omskep te weerstaan, krag wat hulle instaat sou stel om sterk te staan in die stryd krag om te veg teen die verkeerde in hulle eie hart en lewens! Krag om ander se versoek. te help dra.

③ Krag wat ~~neerlae~~ vernederinge in oorwinnings sou omskep; die om mislukkings v neerlae v.d. verlede, die om hakplekke, die om sondes en moeilikhede – daar sou God sy krag gee om te oorwin!

Kortom: God het aan hulle op dié dag gegee die krag om Xtus se hele lewe ~~uit te leef~~ hulle eie te maak, om in sy voetspore te wandel!
- Krag om die Bose te oorwin!
- Krag om hulleself te oorwin!
- Krag om die wêreld te – nie net beetjie!

Toegerus: nie net gegee vir oomblik nie: Soos oorspr. Gr. aanwys: oorklee bedek word – sou hulle hele lewe deurtrek alles omvat, ook hulle swakhede en tekortkominge sou toegedek en oorskadu word

deur die krag van Gods gees! Dis die krag waarmee God sy eerste dissipels toegerus het, sy kerk deur al die eeue: en ook ons v/d wil Hy n/d/mee ~~wil~~ toerus!

## II Die Bron waaruit dit voortvloei:

„Maar Totdat julle toegerus is met krag uit die hoogte" sê Xtus! Krag uit die hoogte!

Dadelik laat dit ons besef dat Xtus ook dink aan ander soort krag + ander ~~plekke~~ waar die mens krag kan ontvang: – Magneet: Werking na Bo – Onder.

(1) Krag van Benede ~~v.d. Bose~~: Die gees v.d. Bose oefen ook die wêreld sy krag uit om mense te wen, soek ook mense om sy werk te doen: werk van vernietiging + verbrokkeling! ~~Gee dood~~ Oefen ~~die mens~~ die krag uit om mense te vang in Sy diens! Sien dit elke dag:

Mens se kragte gaan vanselfsprekend in dd rigting! Hy weet:
– Nog altyd makliker om te haat as om lief te hê.
– Nog altyd „ „ af te breek as om op te bou!
– „ „ „ „ te verbrokkel – om saam te bind!
– „ „ „ „ te heg as om die eenheid te prat!
– „ „ „ „ wraak uit te oefen as om te vergewe!

Die Krag van Benede: trek na Benede. Die duiwel weet dit en staan gebruik Hy al sy krag om die mens 'n sy werk te laat doen – en somtyds in die naam en onder die mooi dekmantel van godsdiens en die X/dom!

(2) En juis omdat Xtus dit geweet het het Hy gesê: Julle sal toegerus word met krag uit die hoogte! Dit is die plek vanwaar julle krag sal kom! Nie v.d. Bose, ook nie v.d. wêreld, maar van God! nie v Onder nie v Bo! Hy sal julle bron van krag wees, julle sterkte, julle sekerheid! In Hom sal julle vind al die krag wat 'n



mens nodig het om 'n oorwinnend te lewe!

Hoe wonderlik dat dd. onuitputlike Fontein v. lewende Water met Pinkster oopgemaak is en dat al wat ons nodig het om te doen net: bekertjie hou om te drink! Hoe wond. om te dink:

Daar – Fontein v. Waarheid
– Fontein v Liefde
– Fontein v Vrede
Lewe
} Droog nooit op –

al die „dinge" wat die wêreld ons nooit kan gee nie, omdat die wêreld nie leef by die Bron van alle Waarheid + Liefde + Vrede + Lewe! Juis daarom sê Xtus: julle sal toegerus word met krag uit die Hoogte, krag van Bo, krag van God – omdat God self die Bron van alle Waarheid & Liefde & Vrede & dus v Lewe is!

Is dit die Bron waar ons ons bekertjies kom volmaak het hd Pinkster? ~~Indien nie~~ – staan ons nie miskien nog altyd by die swak, druppende fonteintjies van die wêreld i.p.v. by die volle stroom van Gods genade en liefde? As ons tot dusver nog geen seën ontvang het nie, sal ons nie seker maak of ons nie miskien by die verkeerde Fontein ons kanne water wou gaan haal nie? // „Julle sal toegerus word met krag uit die hoogte" / Ook na ons kom hd. belofte met al sy sekerhd v/dag. Kom die Heer om ons Sy krag uit die hoogte te gee! Mag ons dan so 'n groot geskenk v.d. hand wys? Moet ons dan nie uitroep en sê: Dankie Here dat U ~~nie~~ vir ons die die se beste nie die allerbeste gawe van alle gawes gegee het: Die Krag van U Gees in ons lewens!

Amen.

[~~Ons wil afsluit met hd gedagte:~~
~~Hd. Krag van Gods Gees is nie iets 'n gawe wat~~
~~die Here net eenmaal gee~~]

Ons laaste gedagte: Hd. Krag uit die hoogte moet
en sal sy uitwerking in ons lewes hê – dit kan
nie uitbly nie! (~~Weer dink ons aan die hoog~~ ~~wat ons reeds gebruik het – Dis~~) Soos die kragstasie
hier buite sy krag bewaardig om gebruik te word
daar buite, so ook die Kragstasie van God
wat krag bewaardig vir ons lewes. En w/voor
word dd. Krag gebruik? Veral 3 dinge:

//Krag word gebruik:

① Om lig te gee – Ons weet dit, ons sien dit,
elke aand as ons die liggies in ons huise
aanslaan: dis die Krag v.d. kragstasie wat ons
lig gee! //So ook die Kragstasie van God wat
ons krag verskaf om dit in lig om te sit:
lig in ons harte, lig in ons huise, lig op
die donker lewensstrate, lig om die duisternis
van sonde uit ons harte te verdryf! lig op al ons l/probleme!

② Om warmte te gee: – Elke wintersaand, as ons
die verwarmers aanslaan weet en sien ons: dis
die krag is v.d. stasie bewaardig wat ons warmte gee.
~~Wat~~ So ook die Kragstasie van God wat ons Sy
krag gee om warmte te bring – warmte in ons
lewes en ander se lewes!: Die warmte van
liefde, die warmte van meegevoel, die warmte van
belangstelling wat ons in ander se harte wek
wanneer Gods gees in ons hand!

③ Om beweging (lewe) te bring (gee) – Ook dit sien ons as ons
hier by die fabrieke verbystap: die krag (lewe) van
die stasie wat omgesit word in beweging → om
alles lewe te bring in die masjinerie, om alles
aan die roer te sit. Stootkrag vir die werk!
D/sonder beteken die masj. niks!



So gee die Here ons Sy Gees as krag om beweging
lewe en stootkrag te gee aan ons lewes & die lewe van
ander mense (aan die masj. v.d. wêreld): om ons lewes vrugbaar en
diensbaar te maak in Sy diens, om die produkte
voort te bring wat Sy stempel sal dra! Die
lewendmakende krag wat ons moet uitdra in ander
se lewes en werk om koers en doel en rig-
ting aan hulle lewes te gee!

Dit is wat God aanbied aan ons:
krag uit die hoogte om lig en warmte en
lewe in ons lewe en die lewe v. ander te
bring. Al wat Hy vra is dat ons die knoppie
sal ~~aanslaan~~ druk, die skakelaar sal aanslaan →
en die krag is daar in al sy volheid!

Afsluit: God gee nie vir môre + oormôre: dan verlore. Net
krag vir elke dag → al sal ons niks
anders onthou as net dit:

God gee krag vir elke dag!

Dis dd. krag wat die lig word op ons l/pad
elke dag. Dis deur dd. krag v. Gods Gees dat
ook ons mag sing:

Lei vriendlik Lig deur aardse duisternis,
lei U my voort!
Swart is die nag waar ek 'n swerwer is,
lei U my voort!
Lig my tog voor, dis nie dat ek begeer
om ver te sien, net stap vir stap o Heer!